# 7. TOETSING VAN HIPOTESES EN GEVOLGTREKKINGS

## 7.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal 'n samevatting van en gevolgtrekkings gemaak word uit die verslag van die navorsing wat in die vooraf=gaande hoofstukke gegee word. Die hoofhipotese sowel as die sub=hipoteses (vergelyk Par. 1.4) sal getoets word, waarna die resul=tate beskrywe sal word. Terreine vir verdere ondersoek sal ge=identifiseer word.

## 7.2 HIPOTESES EN BEVINDINGS

### 7.2.1 Vooraf

Die bevindings van hierdie navorsing word nie in ooreenstem=ming met die chronologiese volgorde van Hoofstukke 2 tot 6 ver=strek nie, want die toetsing van die hipoteses dien as raamwerk vir die samevatting en gevolgtrekkings.

Die aanvaarbaarheid van die hoofhipotese (vgl. Par. 1.4.1) kan slegs vasgestel word nadat die subhipoteses (vgl. Par. 1.4.2) ge=toets is, want elke subhipotese is deel van die hoofhipotese.

### 7.2.2 Metodologiese verantwoording

Om tot die bevindinge, soos beskrywe in Par. 7.2.3, te kon kom, is van erkende wetenskaplike metodes gebruik gemaak (vgl. Par. 1.5). Die metodes het die weg van hierdie navorsing 'n sin=volle wetenskaplike ervaring gemaak en uiteindelik gelei tot be=paalde bevindinge.

7.2.3 Resultate van die ondersoek

7.2.3.1 Inleiding

Die navorsing in verband met die probleem rondom die TO het bepaalde universele en partikuliere grondtrekke van hierdie vereniging blootgelê. Die universele grondtrekke is in Hoofstuk 2 behandel en die partikuliere grondtrekke kom veral in Hoofstuk=ke 3 tot 6 ter sprake. Die bestaan van die TO, die geskiedenis van die TO, die grondmotief wat dié Vereniging dra, sy organisa=siestruktuur en funksionering het onder die loep gekom in die na=vorsing en vervolgens word die subhipoteses en hoofhipotese wat verband hou met bogenoemde aspekte, getoets.

7.2.3.2 Toetsing van die subhipoteses

* Subhipotese 1 Die TO is in sy grondslag, organisasiestruk=tuur en funksionering en in alle ander aktiwiteite en as=pekte daarvan, gefundeer in die religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing.

Transendentaal-krities en prinsipieel-besinnend deurskou, is be=vind dat die TO religieus-primêr anastaties teruggebind is aan die God van die Heilige Skrif. Hierdie vereniging het sedert sy ont=staan onder leiding van die religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing gefunksioneer. In Par. 3.6.3 is aangetoon dat die VVOOZA (die huidige TO) hom beywer het vir die bevordering van CNO; trouens, die stigting van dié Vereniging (vgl. Par. 3.3.2) het gestaan in die teken van gehoorsaamheid aan God se Woord. Deur al die jare van sy bestaan het hy hom steeds beywer vir die behoud en uitbouing van sy Christelik-nasionale karakter, soos

beskrywe in Hoofstukke 3 en 4. Die volgende voorbeelde dien as bewyse vir laasgenoemde stelling:

* Die deelname van die TO aan die Volkskongres van 1969 (vgl. Par. 3.11.3)

* Die TO en *Wet 39 van 1967* (vgl. Par. 4.2.4.2.4)

* Die TO en die Afrikaneronderwyskongres van 1982 (vgl. Par. 4.2.4.2.4)

In Hoofstuk 4 is verder bevind dat die TO gefundeer is in die religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing. Die huidige TO-grondwet aanvaar onvoorwaardelik die Bybel as die ge=openbaarde wil van God (vgl. Par. 4.2.4.2) en gegrond op en gerig deur dié bepaalde artikel van die grondwet (art. II A) het die TO deurgaans 'n Skrifgefundeerde lewensopvatting gehuldig. Die Gods=beskouing, werklikheidsbeskouing, mensbeskouing, epistemologie, samelewingsbeskouing, etiek en nasionale grondslag van die TO is gefundeer in die religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing (vgl. Par. 4.3). Hierdie bevinding is gegrond op standpunte en uitsprake van TO-leiers soos beskrywe in Par. 4.2.4.2.3 en op sowel die TO-grondwet (art. II A) as die Professio=nele Erereëls van die TO (A1).

Die ondersoek na die organisasiestruktuur van die TO soos beskrywe in Hoofstuk 5, het as resultaat die volgende bevindings opgelewer:

Die religieuse grondmotief en lewensbeskoulike grondslae van die TO druk 'n bepaalde stempel af op die organisasiestruktuur van hierdie vereniging. In Par. 5.2 is gemeld dat die primêre vereiste waaraan alle lede van die TO moet voldoen, die onderskrywing van

die Grondwet van die TO is. Dit beteken dus dat alle TO-lede die Christelik-religieuse grondmotief, die lewens- en wêreldbeskouing en die etiese grondslag van die TO onvoorwaardelik moet onderskryf. Op grond van hierdie vereiste dra al die fasette van die organisa= siestruktuur van die TO 'n bepaalde karakter, so kom die demokra= tiese beginsel tot sy reg in verkiesingsprosedures (vgl. Par. 5.3.3.1; 5.3.11.1 (die voorsitter van die vereniging); 5.3.11.2 en so meer). Die kenmerkende gesagstruktuur en wyse van ordereël= ings van die TO is verdere bewyse daarvan dat hy getrou bly aan sy grondslae en doelstellings, want soos in Organogram 5.1 aangetoon, het die TO 'n goed-omlynde en-beplande organisasiestruktuur wat goed funksioneer (vgl. Hoofstuk 6).

In Paragraaf 6.4 is tot die gevolgtrekking gekom dat die TO "in al sy handelinge en werksaamhede getrou bly aan sy grondbeginsels". In sy funksionering as kultuurvormer en -bewaker (vgl. Par. 6.3.6) is vasgestel dat die TO voortgestu word deur die religieuse grond= motief van skepping, sondeval en verlossing, want getrou aan sy grondwetbepalinge het hy voortdurend die Afrikaanse taal, geskiede= nis, volksidentiteit en verhoudinge teenoor ander volkere bevorder.

So het die TO steeds, getrou aan sy primêre taak van dienslewering, sy lede op professionele en diensvoorwaardevlak bygestaan en on= baatsugtige hulp verleen (vgl. Par. 6.3.7).

Op sterkte van die voorafgaande beredenering is dit geregverdig om ten besluite tot die aanvaarding van Subhipotese 1 te kom. Die ondersoek het getoon dat dié subhipotese sonder enige voorbehoud aanvaarbaar is.

* Subhipotese 2 Die Transvaalse Onderwysersvereniging lewer 'n kenmerkende bydrae op alle terreine waarop hy funksioneer (soos beroepsverbetering, werksomstandighede, die dra van die CNO-beginsel, dienslewering, en so meer).

In Hoofstuk 2 is bevind dat die TO as outonome onderwysersvereni= ging een van die komponente van die onderwyssubstelsel vir Blankes in die RSA is. As sodanig is hy lid van sowel die Federale Raad (vgl. Fig. 2.2) as van die SAOR, en deur middel van hierdie lig= game verrig die TO 'n bydraende funksie met betrekking tot die be= vordering van die belange van die onderwysberoep in die RSA. In die SAOR speel die TO as individuele vereniging kwantitatief die belangrikste rol, want hy word deur vyf lede uit 'n totaal van 28 verteenwoordig. Die kwalitatiewe bydrae van die TO tot die bevor= dering van die onderwysberoep is in Hoofstuk 6 (veral Par. 6.3.7) aangetoon. Die TO het hom beywer vir verbeterde salarisse vir sy lede (vgl. Par. 6.3.7.2.1); billike pensioenfondse (vgl. Par. 6.3.7.2.2) en ander diensvoorwaardes. Dit wat die TO op sigself, maar ook in samewerking met die ander Blanke onderwysersvereni= gings vermag het, is in Hoofstuk 6 beskrywe. Steeds beding en funksioneer die TO in ooreenstemming met sy grondslae, want hy het hom, sover vasgestel kon word, nog nooit bereid verklaar om sta= kings en betogings voor te staan nie.

Getoets aan histories-opvoedkundige kriteria (Barnard, 1978 : 32-40) het die TO temporeel ontwikkel tot 'n onafhanklike, selfstan= dige onderwysersvereniging (vgl. Hoofstuk 3) wat 'n rigtinggewende invloed as onderwysdiensorganisasie in die RSA uitgeoefen het en dit tans nog doen. Die geskiedenis van die TO is vervleg met die kultuurhistoriese ontwikkeling van die Afrikanervolk. In die

handhawing en uitbouing van dit wat vir die Afrikaner kultureel en normatief betekenisvol was, het die TO sy bydrae gelewer. So het die TO 'n betekenisvolle bydrae gelewer op onder andere die volgende terreine:

- Die Christelik-nasionale onderwys (Par. 3.6.3)
- Die opheffing van die Afrikanervolk gedurende die depressie=jare (Par. 3.9.2)
- Die deelname en motivering tot deelname van sy lede en skoolleerlinge aan die Voortrekkereeufees (Par. 3.9.4)
- Die deelname van die TO aan die Volkskongres vir Opvoeding en Onderwys in 1969 (Par. 3.11.3)
- Die aandeel van die TO in die totstandbring van *Wet 39 van 1969* (Par. 3.11.2)
- Die Afrikaneronderwyskongres van 18 tot 20 Maart 1982 (Par. 3.11.7).

Bovermelde voorbeelde (en nog soortgelyke bydraes) word in Hoof=stuk 3 beskrywe en dit lewer die bewyse dat die TO deel is van die kultuurhistoriese ontwikkeling van die Christen-Afrikanervolk in die RSA, onder andere deur die bepaalde bydraes wat hy gelewer het.

Op al die terreine waarop die TO funksioneer, lewer hy 'n kenmer=kende bydrae, 'n bydrae wat gedra word deur sy grondslae en doel=stellings, soos gefundeer in die religieuse grondmotief van skep=ping, sondeval en verlossing. Die geregverdigde gevolgtrekking kan dus gemaak word: Subhipotese 2 is aanvaarbaar.

7.2.3.3 Hoofhipotese

Die aanvaarding van die subhipoteses lei tot die aanvaarding van die hoofnavorsingshipotese, naamlik dat die Transvaalse Onderwysersvereniging as selfstandige onderwysersvereniging 'n bydrae lewer tot die kultuurhistoriese ontwikkeling van die Christen-Afrikanervolk en gedra word deur die religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing in sy kernbestaan, organisasiestruktuur en funksionering.

## 7.3 VERDERE NAVORSINGSMOONTLIKHEDE WAT DEUR HIERDIE STUDIE ONSLUIT IS

Hierdie navorsing het oor 'n wye veld gestrek, gevolglik was daar sekere terreine wat slegs oorsigtelike behandel is. Hierdie navorsingsareas word vervolgens geïdentifiseer met die oog op moontlike verdere navorsing:

* Enkele onderwysersverenigings van drie oorsese lande (vgl. Par. 2.6) is kortliks bekend gestel. Meer resente en uitgebreide ondersoeke is noodsaaklik om reg te laat geskied aan 'n omvattende wetenskaplike kennis van hierdie besondere onderwysersverenigings, veral met die oog daarop om dié verworwe kennis profytlik aan te wend vir Suid-Afrikaanse omstandighede. Vir die doeleindes van hierdie verhandeling was dit slegs nodig om hierdie onderwysersverenigings oorsigtelik te behandel (vgl. Par. 2.6.5).

* Die geskiedenis van die TO is slegs in hooftrekke behandel (vgl. Hoofstuk 3, Par. 3.1). Dit was nodig om die fokuspunt van die betrokke ondersoek slegs op sekere tersaaklike ge=

skiedenishoogtepunte in te stel. Die omvattende hoeveel= heid feitemateriaal wat in geskiedenis- en geskiedkunde ge= skrifte beskikbaar is, en die betrokkenheid van die TO in die vorming van die kultuurhistoriese identiteit van die Christen-Afrikaner, regverdig afsonderlike navorsing oor die ontstaan en ontwikkeling van die TO in samehang met die Christen-Afrikaner-volksgeskiedenis.

* Die bewoording "Christelik en nasionaal" soos dit in die TO-grondwet voorkom (vgl. Par. 4.3.9), is prinsipieel nie verantwoordbaar nie. ŉ Wetenskaplike studie wat die on= aanvaarbaarheid (aldan nie) van hierdie formulering oopdek, is noodsaaklik.

* Die organisasiestruktuur van die TO is vanuit bepaalde begrensende kriteria getoets. ŉ Wetenskaplike studie wat gegrond is op kriteria vir ŉ doeltreffende organisasiestruk= tuur kan met vrug onderneem word.

* In hierdie verhandeling is die funksionering van die TO slegs oorsigtelik behandel in Hoofstuk 6 (Par. 6.3.7). Die TO het sedert sy ontstaan funksioneel veel meer vermag en dit op sigself regverdig afsonderlike navorsing.

## 7.4 SLOTSOM

Die TO beklee ŉ unieke plek in die kultuurhistoriese ontwik= keling van die RSA en het tot dusver in die geheel aan sy doel as onderwysersvereniging beantwoord (vgl. Hoofstukke 2-5). Daar moet egter in gedagte gehou word dat dit ŉ vereniging is wat uit mense bestaan, daarom sal daar bepaalde gebreke wees, omdat mense onvol=

maak is. So is daar gewys op die onverantwoordbare skeiding van Christelike en nasionale in die Grondwet van die TO (vgl. Par. 4.3.9), die eventuele ongelyke verteenwoordiging van plattelandse en stedelike lede in die hoofbestuur (vgl. Par. 5.3.8.1) en die beperkte bedingingsmag van die vereniging (vgl. Paragrawe 2.4.6 en 6.3.3). Daar kan nog verdere gebreke geïdentifiseer word, maar uiteindelik kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die TO steeds daarna streef om die beste diens aan sy lede te lewer, getrou aan die Skriftuurlike religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing (vgl. Hoofstukke 4 en 6).

## 7.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is aangetoon dat die TO deur die reli= gieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing in al sy handelinge gerig word. Sy organisasiestruktuur en funksionering dra die stempel van 'n Christelik-nasionale lewensopvatting. Ver= skeie terreine wat verdere navorsing regverdig, is geïdentifiseer.